

Betalingsooreenkoms 2018

Junior Akademie is 'n privaat sentrum en hef dus 'n fooi ten opsigte van elke kind.

Betaling hiervan is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld.
2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Indien maandelikse betaling aangebied word, moet betaling stiptelik voor of op die 7de dag van elke maand geskied. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, **Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word 'n laatbetaalfooi van R150 gehef. Indien fooie met 'n maand agterstallig is sal toegang tot Junior Akademie geweier word totdat fooie opbetaal is.**
3. Indien agterstallige rekeninge oorhandig word vir invordering, word die ouer/voog aanspreeklik gehou vir alle invorderingskommissie, kostes en fooie.
4. 'n Korting van 5 % word toegestaan indien die volle jaar se gelde betaal word voor 31 Januarie 2018. Korting van 5% word toegestaan slegs op skoolfooie vir die 2^e kind.
5. Bywoning mag nie verminder word deur die loop van jaar nie. U is dus aanspreeklik vir die fooi waarvoor u toelating ontvang het vir die volle jaar. Indien bywoning gekanselleer word, moet 'n kalender maand kennis gegee word. November mag nie as 'n kennismaand gebruik word nie.

Indien die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van u kind/ers se skoolfonds, nie hierdie omsendbrief ontvang nie, is dit u plig om toe te sien dat die inhoud hiervan aan hom/haar bekend gemaak word.



E-pos: admin@juniorakademie.co.za

www.juniorakademie.co.za

Sel: 063 732 1166

Faks: 086 732 0165

Unielaan 1, Uniepark, Stellenbosch

Posbus 6114, Uniedal, 7612

Junior Akademie Betalingsooreenkoms 2018

Voltooi en stuur asseblief voor of op 21 November 2017 terug

Kleuter/Baba naam en van: (Name van alle kinders by JA ingeskryf)

E-pos adres waarna rekening gestuur moet word:

Selfoonnommer – Mamma:

Selfoonnommer – Pappa:

Noodnommer indien ons nie een van die ouers in die hande kan kry nie:

Naam:	Nommer:
-------	---------

Keuse van betaalwyse vir 2018:

(Merk met 'n X in die blokkie van u keuse: d.w.s. opsie 1, 2, of 3)

1. 'n Eenmalige betaling voor **31 Januarie 2018** te maak. (5% Korting)
2. 12 Maandelikse betalings (1 Januarie 2018 tot 1 Desember 2018)
3. 10 Maandelikse betalings (1 Februarie 2018 tot 1 November 2018)

Let wel:

Ons versoek u vriendelik om asseblief by die betaling van u keuse te hou, aangesien u rekening daarvolgens gehef word.

Deur die ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalings en onderneem om die gelde stiptelik te betaal soos ek hierbo aangedui het.

Geteken op die dag van2017 te

HANDTEKENING
Vader/Voog

HANDTEKENING
Moeder/Voog